


Die Ewige
met 'n **HEL**
onuitbluslike vuur!!!



Waar gebedel word vir 'n druppel water op die tong vir die smarte van die vlamme, van 'n ewige HEL— Luk 16 vers 24 (b)

DIE EWIGE

'n Tema wat **stil** geword het op **die kansel** in 'n **moderne en verligte 21ste eeu**.

Heb 9:27 En net soos **die mense** bestem is om **een maal te sterwe** en **daarna die oordeel**, ('n Bewys van die lewe na die dood.)

GESEGDE

1. Die onderwyser se probleem of fout – DRUIP.
2. Die dokter se probleem of fout – WORD BEGRAWE.
3. Die prediker en christen se probleem of fout – GAAN HEL TOE.

DIE TWEEDE DOOD

Openb 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het **die tweede dood** geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Die tweede dood is die ewige hel, die poel van vuur !!!

DRIE Tipes DOOD

1. **Die fisiese dood:** **Pred 12:7** en die **stof na die aarde terugkeer** soos dit gewees het, en **die gees na God terugkeer** wat dit gegee het.
2. **Die Ewige dood:** **Vir ewig verwyder en geskei van die aangesig van God.** **Openb 20:6** Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het **die tweede dood (hel)** geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.
3. **Geestelike dood:** **Efes 2:1** En julle het Hy lewend gemaak,

wat **dood was (geestelik dood)** deur die misdade en die sondes.

Die moderne en verligte 21 ste eeu se nuutste teologie is dat die mens sterf soos 'n dier. Wat 'n klug!!!

1 Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle **gees en siel en liggaam** geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! **Duidelike bewys dat God die mens drieledig geskape het: gees, siel en liggaam.**

DIE WOORD - DODERYK.

1. Hebreeuse woord **sheol** wat **65 keer** voorkom in die **Ou Testament**.
2. Griekse woord **hades** wat **21 keer** in die **Nuwe Testament** voorkom.
3. Griekse woord vir **HEL** is **gehenna** en kom **11 keer** voor in die **Nuwe Testament**, waarvan die woord **10 keer gebruik is deur Jesus self** en **1 keer** deur Jakobus (Jak3:6)

Jesus het in Sy bediening op aarde tweekeer meer oor die hel as die hemel gepraat.

Deut 32:22 Want 'n **vuur is aangesteek** in my toorn en het gebrand **tot in die doderyk daaronder**, en dit het die aarde met sy opbrings verteer en die fundamente van die berge aan die brand gestee.

Job 21:13 In voorspoed slyt hulle hul dae, en **in 'n oomblik sink hulle in die doderyk af.**

Die doderyk is dus in die buik van die aarde.

DIE EWIGE HEL !!!

Dat daar 'n hemel is, geniet seker algemene instemming. Alle mense is bereid om die bestaan daarvan te aanvaar. Almal praat graag oor die hemel, en almal wil graag eendag daarheen gaan.

Hoe anders is dit tog nie met betrekking tot die **hel!** Die mensdom wil **nie graag glo** dat daar so iets is nie. Oor die hel **praat** niemand graag nie. Die woord **hel** is 'n walglike woord wat **nare vrese en gevoelens wek**. Dit **veroorsaak die onaangenaamste voorstellings en stel in vooruit-sig die vreeslikste verwagtinge**.

En tog **mag ons nie oor die hel swyg** nie, Ons moet rekening hou met die **hele geopenbaarde waarheid van God**. Alle gelowiges wat geïnteresseerd is in die dinge van ons tyd, sal erken dat die **wêreld nou met versnelde tempo sy einde nader**. Die **skokkende wêreldgebeure**, die **radeloosheid** in die volkerewêreld, die **vloek en laster**, die **ydele vermaak**, die **streling van die vlees**, die **ontsettende verharding by die mens**, sy **bandeloosheid, roekeloosheid, skaamteloosheid**, sy onverskilligheid teenoor die lewende God - dit is die weersinwekkende verskynsels wat ons tyd kenmerk. **Hierdie verskynsels is volgens die Skrif, ook kenmerkend van die eindtyd**.

Daarom is dit **juis in hierdie tyd**, noodsaaklik dat die **verskrikkinge van die hel** beklemtoon sal word. Daarom is dit noodsaaklik dat ons **nóú** alle **gissinge, spekulasies en valse inbeeldings** sal laat vaar en ons sal **wend tot die nugtere werklikheid en waarheid van die Woord van God**. Dit is **noodsaaklik dat ons júis in hierdie tyd sal luister na wat die HERE oor die hel sê**.

Wat is die hel? Die woord **hel** stam af van die **Griekse woord gehenna**. Hierdie woord is weer afgelei van die **Hebreeuse woord gehinnom**, wat die **dal van Hinnom** beteken. Om 'n duidelike **beeld van die hel** te kan maak, **moet ons 'n idee hê** van wat hierdie dal van **Hinnom** was. Die dal van **Hinnom** lê suidoos van Jerusalem. In die ou tyd het hierdie plek berug geword vir die **gruwels van die sonde wat daar gepleeg is**. Die uiterste **skaamteloosheid, sedeloosheid en goddeloosheid** het daar geheers. Dáár is selfs **kinders aan die afgod, Molog, geoffer**. Die **vrome Josia** het, toe hy op die troon kom, hierdie vreeslike plek **vir altyd onrein**

verklaar. Van toe af het die dal Hinnom die vullishoop van Jerusalem geword. Die vullis van die dorp is deur die "Dung Gate" geneem en daar op 'n hoop gegooi om verbrand te word; ook dooie diere en selfs die lyke van misdadigers, is daarheen gesleep en aan verrotting en verbranding oorgegee. In die vuilheid en ontbinde liggame het die wurms gewemel. Om die stank te verdryf en pes te voorkom, is daar gedurig vuur aangesteek sodat daar dag en nag 'n smeulende vuur opgegaan het. Algaande is hierdie verbrandingsoord van die mense gekoppel aan die straf van God. Dit het die simbool en profesie geword van die plek van ewige smart. Daarom het Jesus dit spontaan as beeld van die hel geneem.

Nou kan ons vir ons 'n voorstelling maak van die hel. Die **HEL**, die dal van Hinnom - Gehenna! **Vreeslike naam, nog vreesliker plek!** Die hel is die vullishoop van die heelal, waar die vullis en afval van die wêreld - die menseleuens deur sonde besmet en besoedel - aan verbranding oorgegee word. Die HEL - plek van ewige rampsaligheid, ellende, verderf en die strafplek van die goddelose na die oordeelsdag waarin ook Satan en sy engele gewerp sal word. Die HEL - dit is die poel van vuur waar die verterende wurm nooit sal sterf en die smeulende vuur nooit geblus word nie. Dit is die plek waar die gekerm en geweën en gekners van tande nooit ophou nie. Dit is die plek waar gewetenswroeging en selfverwyt martel en verteer sonder om ooit klaar te kry. Die HEL - dit is die plek waar die tweede dood altyd gesterf word, sonder hoop om ooit dood te wees. Dit is die plek waar die siel ewig sonder God bestaan; geskei van God - van Sy lewe, van Sy liefde; maar sonder om God ooit te kan vergeet; sonder om Christus, wie se bloed vertrap is, ooit uit die herinnering te kan uitwis; sonder om die naklanke van die ontelbare wekroep tot bekering, wat dan vir ewig te laat is, ooit te kan stilmaak. "Te laat" en "vir ewig verlore" is woorde eie aan die hel!

Die **Woord van die Here** is vol van **die gedagte** van die **hel**.

Die een oomblik is dit die kinders van die koninkryk wat uitgedryf word in die buitenste duisternis:

Matt 8:12 Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Dan is dit weer vir die geeste in die gevangenis dat Christus se hemelvaart 'n prediking is:

1Pet 3:19 in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis,

Dan is dit weer die afgrond waarin die duiwel gewerp word:

Open 20:3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

En **dan is daar die ernstige woord van die Heiland self:**

Matt 5:30 En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Wat is die indruk wat ons van sulke uitsprake kry? Net dit:

**DAAR IS 'N HEL - JA, EN NOGMAALS JA,
DAAR IS 'N EWIGE HEL MET N ONUITBLUS-
LIKE VUUR !!!**

**DIE VREESLIKSTE DING WAT DIE MENS KAN
OORKOM IS: OM TE DINK JY IS GERED,
MAAR TE LAAT TE ONTDEK JY IS VERLORE
“4 minute na die dood.”**

KOERANT BERIG

Rapport 18 Maart 1990

Sekere wetenskaplikes maak daarop aanspraak dat hulle moontlik

vasgestel het **presies waar die hel is** – en het besluit om ‘n **boorgat** iewers in **Siberië in Rusland** te laat sink vir olie.

Nadat werkspanne kilometers diep geboor het, was daar skielik niks meer om te boor nie. Die ondersoekspan het glo vasgestel dat die **temperatuur** in die ondergrondse lugleegte ongeveer **2000 grade Fahrenheit** was en **stemme gepaard met ‘n aaklige gekerm en geskreeu kon van onder uit die gat gehoor word.**

‘n Video-opname van die navorsing en **bandopname van die geluide is beskikbaar**. Die projek is later gestaak toe werkers geweier het om voort te gaan.

DIE RYK MAN EN LASARUS.

Luk 16:19-31 ‘n **Werklike gebeurtenis** wat hom afgespeel het voor die kruisiging van Jesus. (Nie ‘n gelykenis nie.)

Luk 16:19 En daar was ‘n **ryk man**, en hy het **purper en fyn linne gedra** en elke dag **vrolik en weelderig gelewe**.

Luk 16:20 En daar was ‘n **bedelaar** met die naam van **Lasarus** wat vol **swere** voor sy **poort gelê** het.

Luk 16:21 En hy het **verlang** om hom te **versadig** met die **krummels** wat van die ryk man se **tafel** val. Ja, selfs die **honde** het gekom en sy **swere gelek**.

Luk 16:22 En toe die **bedelaar sterf**, is hy deur **die engele weggedra** na die boesem van Abraham.

Luk 16:23 En die **ryk man** het **ook gesterwe en is begrawe**. En toe hy in **die doderyk** sy oë ophief, **terwyl hy in smarte** was, **sien** hy **Abraham** van ver af en **Lasarus** aan sy boesem.

Luk 16:24 En hy roep en sê: **Vader Abraham**, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die **punt van sy vinger in water** kan insteek en **my tong verkoel**; want ek **ly smarte in hierdie vlam**.

Luk 16:25 Maar Abraham antwoord: **Kind**, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.

Luk 16:26 En by dit alles is daar tussen ons en julle ‘n **groot**

kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.

Luk 16:27 En hy sê: **Ek bid u** dan, vader, om hom na my **vader se huis te stuur**—

Luk 16:28 want ek het **vyf broers**—om hulle **dringend te waarsku**, sodat hulle **nie ook** in hierdie **plek van pyniging** kom nie.

Luk 16:29 Toe sê Abraham vir hom: Hulle het **Moses en die Profete**; laat hulle na dié luister.

Luk 16:30 Maar hy antwoord: **Nee, vader Abraham**, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.

Luk 16:31 Maar hy sê vir hom: **As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.**

Ware Feite insake bogenoemde ware verhaal wat hom afgespeel het net voor die kruisiging van Jesus Christus.

1. Die rykman is **nie** doderyk toe {straf afdeling van die goddelose sondaar in die buik van die aarde} omdat hy 'n rykman was nie. Daar is baie mense in die hemel wat op die aarde welvarend was. In sy oorfloed het hy [die rykman] gereken dat hy God nie nodig gehad het nie, en Hom dus nie in erkenenis geneem nie.
2. Hierdie ryk man se naam was nie by God bekend nie, maar die bedelaar [Lasarus] se naam was wel by God bekend. Jesus ken diegene wat aan Hom behoort: **Joh 10:27** “My skape luister na my stem, en **Ek ken hulle**, en hulle volg My.” **Joh 10:28** “En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”
3. Die rykman was 'n 'kerkmens' aangesien hy Abraham, die aartsvader van die Jode, in die Paradys herken het. Hy [die rykman] was by sy volle positiewe na die dood. Hy kon **dink, voel, sien, redeneer** en het ook sy karakter behou.
4. Die bordjies is dus nou verhang, die rykman is nou die bedelaar in die poel van vuur. Hy bedel vir een druppel water op

sy tong want hy lei smarte [Gr=marteling] in die vlamme.

Luk 16:24. Hierdie rykman wou geen barmhartigheid bewys aan Lasarus, die bedelaar, by sy poort nie, maar nou verlang hy dat barmhartigheid aan hom betoon moet word.

5. **Luk 16:25** Kind, [verbondskind—in die doderyk] ont-hou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.

6. **Luk 16:27** En hy sê: **Ek bid u** dan, vader, om hom na my **vader se huis te stuur— Luk 16:28** want ek het **vyf broers**—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.

Hierdie rykman wou nooit op die aarde sy knieë voor God buig nie, maar nou na sy dood en in vlamme gehul, wil hy bid en is bekommerd oor sy vyf broers wat God ook nie in erken-tenis neem nie. Gedurende sy bestaan op aarde, het hy geen begeerte gehad om te evangeliseer nie, maar daar in die do-deryk is hy skielik bewus van siele op aarde wat verlore is en gered moet word, Toe hy kon, wou hy nie, maar noudat dit nie meer moontlik is nie, wil hy. **[Hell is a place of no re-turn !!!!!]**



SKRIFTUURPLASE OOR DIE EWIGE HEL

Jes 66:24 En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; **want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgrylik wees vir alle vlees.**

Mat 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

Mat 5:29 As **jou regteroog** jou dan **laat struikel**, **ruk dit uit** en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie **jou hele liggaam** in **die hel** gewerp word nie.

Mat 8:12 Maar die kinders van die koninkryk sal **uitgedryf word in die buitenste duisternis**. Daar sal **geween wees** en **gekners van die tande**.

Mat 10:28 En moenie vrees vir die wat **die liggaam doodmaak**, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar **vrees Hom** liewer **wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel**.

Mat 18:8 En as jou **hand of jou voet** jou **laat struikel**, **kap dit af** en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in **die ewige vuur gewerp te word**.

Mat 18:9 En as jou **oog** jou **laat struikel**, **ruk dit uit** en werp dit weg van jou af. Dit is vir jou beter om met een oog in die lewe in te gaan, as om twee oë te hê en in **die helse vuur gewerp te word**

Mat 25:41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: **Gaan weg van My, julle vervloektes**, in die **ewige vuur** wat **berei is vir die duiwel en sy engele**.

Mat 25:46 En hulle sal weggaan in **die ewige straf**, maar die regverdiges in die ewige lewe.

Mark 9:43 En as **jou hand** jou **laat struikel**, **kap dit af**. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te

in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur,

Mark 9:44 waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.

Mark 9:45 En as jou voet jou laat **struikel**, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en

in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur,

Mark 9:46 waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.

Mark 9:47 En as jou oog jou laat **struikel**, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en

in die helse vuur gewerp te word,

Mak 9:48 waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.

Luk 12:4 En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat **die liggaam doodmaak** en daarna niks meer kan doen nie;

Luk 12:5 maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: **vrees Hom** wat, nadat **Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp**; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!

Luk 13:27 En Hy sal sê: Ek sê vir julle, **Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie**. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtheid!

Luk 13:28 Daar sal geween wees en gekners van die tande, wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete in die koninkryk van God sal sien, maar julle self uitgedryf buitentoe.

2Thes 1:8 in vuur en vlam, wanneer **Hy wraak uitoefen** op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.

2Thes 1:9 Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlijkheid van sy sterkte,

Openb 14:10 sal hy self ook **drink van die wyn van die grimmigheid van God** wat **ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn**, en hy sal **gepynig word met vuur en swawel** voor die heilige engele en voor die Lam.

Openb 14:11 En die **rook van hulle pyniging** gaan op tot in

alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier (Antichris) en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.

Openb 21:8 Maar wat die **vreesagtiges** aangaan en die **ongelowiges** en **gruwelikes** en **moordenaars** en **hoereerders** en **townaars** en **afgodedienaars** en al die **leuenaars hulle deel is in die poel** wat **brand** met **vuur en swawel**: dit is die **tweede dood**.

Openb 20:11 En ek het 'n **groot wit troon** (oordeel vir die sondaar) gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Openb 20:12 En ek het **die dode, klein en groot, voor God sien staan**, en die **boeke is geopen**; en 'n ander boek, **die boek van die lewe**, is geopen. En die **dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke**.

Openb 20:13 En die **see** het die **dode gegee wat daarin was**, en die **dood en die doderyk** het die **dode gegee wat daarin was**; en **hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke**.

Openb 20:14 En die **dood en die doderyk** is in die **poel van vuur gewerp**. **Dit is die tweede dood.**

Openb 20:15 En as dit bevind is **dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie**, is hy in die **poel van vuur gewerp**.

Openb 22:15 Maar **buite** (die Hel) is die **honde** (valse profete) en die **townaars** en die **hoereerders** en die **moordenaars** en die **afgodedienaars** en **elkeen wat leuens liefhet en doen**.

Dan 12:2 En baie van die wat in **die stof van die aarde slaap**, sal **ontwaak**, sommige tot die ewige lewe en sommige tot **groot smaadheid, vir ewig afgrylik**.

TWEE DERDES VAN JESUS SE PREDIKING OP AARDE, WAS OOR 'N EWIGE HEL MET 'N ONUITBLUSLIKE VUUR. "4 MINUTE NA JOU DOOD" SAL JY WEET. DIE HEL IS GEEN ILLUSIE NIE [DENKDBEELD OF DROOM] "HELL IS REAL."

DIE HEL IS DUS 'N EWIGE ONUITBLUSLIKE VUUR !!!

HOE LANK IS DIE EWIGHEID?

1. As Tafelberg 'n **soliede diamantberg** was en 'n **voëltjie** kom net **eenmaal in 'n miljoen jaar** om sy **bekkie** teen **die berg te slyp**. Sodra die **berg heeltemal weggeslyt** is – **DAN BEGIN DIE EWIGHEID EERS**.
2. As jy **al die sandkorrels** in die **see kan tel**, en **elke sandkorrel een miljoen jaar verteenwoordig**, en die **tyd is verstreke** – **DAN BEGIN DIE EWIGHEID EERS**.

GRADE VAN OORDEEL IN DIE HEL !!!

Die **straf in die hel** word in **verskillende grade** toegepas.

Mat 11:21 Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige daade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het.

Mat 11:22 Maar Ek sê vir julle, **dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle**.

Mat 11:23 En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige daade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe.

Mat 11:24 Maar Ek sê vir julle **dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou**.

Luk 12:47 En daardie **dienskneg** wat die **wil van sy heer geken het** en nie **klaargemaak** of **volgens sy wil** gedoen het nie, sal **met baie slae geslaan word**;

Luk 12:48 maar **hy wat nie geweet het nie** en **gedoen het wat slae verdien**, sal **met min slae geslaan word**. En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorfloediger eis.

Openb 20:11 En ek het 'n **groot wit troon** gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weg-

gevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Openb 20:12 En ek het die **dode, klein en groot, voor God sien staan**, en die **boeke is geopen**; en 'n ander boek, **die boek van die lewe**, is geopen. En **die dode is geoordeel** na wat in die boeke geskryf is, **volgens hulle werke**.

2Pet 2:21 Want dit sou vir hulle **beter wees** as hulle die **weg van die geregtigheid nie geken het nie**, as dat hulle, **nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is. (AFVAL-LIGES)**

Mat 23:14 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. **Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang.**

Rom 2:12 Want almal wat **sonder wet gesondig het**, sal ook **sonder wet verlore gaan**; en almal wat **onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word**;

Mat 23:13 Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.

Mat 23:14 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. **Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang.**

Mat 12:36 Maar Ek sê vir julle dat **van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.** (die wit troon oordeel opb 20 vers 12-15)

Mat 12:37 **Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.**

HEB 9 VERS 27: EN NET SOOS DIE MENSE BESTEM IS OM EENMAAL TE STERWE EN DAARNA DIE OORDEEL . \ DAAR IS LEGIO SKRIFTE VAN, LEWE NA DIE DOOD !!!!!!!!!!!

JOU VRIENDE IN DIE HEL IS:

Rykes; Armes; Aansienlikes; Eenvoudiges; Geringes; Magtiges; Klein en groot; Godloënaar; Godveragter; Godhater; Moordeenaar; Dief; Spotter oor die wederkoms en oordeel van God; Die gierigaard wat skatte vergader het; Die onreines wat hulle liggame besoedel het met owerspel (Driehoek verhouding), hoerery en die vuil sondes van die wêreld; Dronkaards; Dwelmverslaafdes; Daggaroker; Dobbelaar; Vloeker; Towenaar; Leuenaar; Afgodeaanbidder; Verkragter; Die duiwel en sy demone; Valse Profeet; Antichris. DIE DWAAS **Psm:14:1 (b)**

UITTREKSEL - UIT NUWE-TESTAMENTIESE APOKRIEWE OOR DIE HEL. (in Afrikaans vertaal deur Prof. Jac J Müller)

- Ek sien toe ook ‘n **ander plek**, reg teenoor die eerste, **duister en vuil**. Dit was **die plek van straf**. En die wat daar gestraf is en die engele wat hulle gestraf het, het ‘n **donker gewaad** gedra, **in ooreenstemming met die lug van die plek**.
- En daar was sommige wat **aan hul tonge gehang** het. Dit was **hulle wat die weg van geregtigheid bespot** het. En onder hulle was **vuur** aangelê wat **gebrand** en hulle **gepynig** het.
- En daar was ‘n **groot meer**, gevul met **vlamme slyk**. En daarin het **sekere mense** verkeer wat **hul rug op die geregtigheid gedraai** het, en pynigende engele was oor hulle gestel.
- En daar was ook ander, **vroue**, **aan hul hare opgehang** bo die **opborrelende slyk**. Dit was hulle wat **hulself vir owerspel versier** het. En die **manne** wat hulself met hulle verenig het in die besoedeling van owerspel, was **aan hul voete opgehang** met hul **hoofde bedek in die slyk**, en hulle het gesê: **“Ons het nie geglo dat ons na hierdie plek sou kom nie!”**
- Ook die **moordenaars** en **hul medepligtiges** het ek gesien, gewerp in ‘n **kloof vol giftige, kruipende goeters**, en deur hierdie **gediertes gekwel**, het hulle hulle daar in **pyn rondgewring**. En hulle was **oortrek van wurms**, soos

donker wolke. En die **siele van die wat vermoor is**, het daarby gestaan en die foltering van die moordenaars aanskou **en gesê: “O God, regverdig is u oordeel!”**

Naby hierdie plek het ek **‘n ander nou kloof** gesien waarin die **ontlasting en die stink afval** van die wat gestraf is, afgevloei en as’t ware ‘n meer gevorm het. **En daar het vroue tot by hul nekke in die pappery gesit**, en teenoor hulle het **baie ontydig gebore kinders gesit en ween**. En van hulle het **vuurstrale** uitgegaan wat die **vroue** in die oë getref het. Want dit was hulle wat **buite-egtelik ontvang het en vrugafdrywing gepleeg het. (Aborsie)**

En ander **manne en vroue** was tot **aan die middel van hul liggaam aan die brand**, en was op ‘n **duistere plek neergewerp** en deur **bose geeste gegesel** terwyl hulle aan hul **ingewande** deur **nimmer rustende wurms gevreet** is. Dit was hulle wat die **regverdiges vervolg en verraai het.**

En naby hulle was daar weer **vroue en manne** wat hul **lippe gebyt** en in **pyn verkeer** het, **en teen wie se oë gloeiende hete ysters gedruk** is. Dit is hulle wat **gelaster en kwaadgespreek het van die weg van geregtigheid.**

En teenoor hulle was daar nog ander, **manne en vroue**, wat hul **tonge gekou** en **vflammende vuur in hul mond gehad** het. Dit was die **valse getuies.**

En op ‘n ander plek was **gruisklippe, skerper as swaarde of enige rooiwarm braaispit**, en **manne en vroue in vuil vodde geklee**, het **in pyn daarop rondgerol**. Dit was **hulle wat ryk was en op hul rykdomme vertrou** het en hulle **nie oor wese en weduwees ontferm het nie**, maar **die gebooi van God veronagsaam** het.

En in **‘n ander groot meer**, met **etter en bloed** en **opkokende slyk ge vul**, het **manne en vroue kniediep gestaan**. Dit was **hulle wat geld uitgeleen en woekerrente op rente gevorder het.**

Ander **manne en vroue is** van ‘n **hoë krans afgegooi** en as hulle onder kom, is hulle weer deur **die pynigers** wat oor hulle aangestel was, **aangedryf om die rots na bo uit te klim** en **dan weer na onder afgegooi**, en so het **hulle**

geen rus gehad van hierdie strafpyniging nie. Dit was hulle wat hul liggame besoedel het deur hulle as vroue aan mekaar oor te gee, en die vroue wat met hulle was, dit was hulle wat met mekaar saam gelê het soos man en vrou.

En naas daardie krans was daar ‘n **plek vol van ‘n groot vuur, en daar het manne gestaan wat met hul eie hande vir hulle afgodsbeelde gemaak het in plaas van God te vereer, en naas hulle ander manne en vroue wat stawe van vuur gehad en mekaar daarmee geslaan het en nooit opgehou het met hierdie manier van pyniging nie...**

En daar was nog ander naby hulle, **manne en vroue, wat gebrand en rondgerol het en soos op ‘n pan gerooster is. Dit was hulle wat die weg van God verlaat het.**
(Teruggevallenes)

Bekende Godloënaars se sterwenswoorde.

Anton Szander LaVey

LaVey is gebore as **Howard Stanton Levey** in **Chicago, Illinois**. Hy is die seun van Joodse ouers, en die **leier en stigter** van die **Kerk van Satan** asook die outeur van “**The Satanic Bible.**”

Die **Kerk van Satan** is amptelik gestig op **6 Junie 1966**. [6-6-66] in **San Francisco**. **La Vey** het in **April 1966**, sy kop kaal geskeer volgens die rituele van die **antieke beul/laksman [persoon wat doodstraf voltrek]**, en verklaar: 1966 is die eerste jaar—**Anno Satanatas**—“**The first year of the Age of Satan.**”

Ja, 1966 was ‘n klassieke jaar vir die ou duiwel. Dit was dan ook die jaar waarin die “Beatle” - John Lennon die wêreld verseker het die Christendom is op pad uit: “**Christianity will go. It will vanish and shrink... I'm right and I will be proved right. We're more popular than Jesus now.**”(is op 8 des 1980 vermoor)

Een van LaVey se gesegdes by rituele was:

"Man is God. We are men. We are gods. God is man."

[Vandag leer sommige sogenaamde Pinkster Predikers: "Ons is gode/ons is almal "little messiahs"!]

Sy laaste woorde was: "Oh my, oh my God, what have I done!" {Hy sterf op 29-10-1979 in San Francisco.}

Voltaire: een van die bekendste godloënaars, het die hele nag deur om vergifnis geroep. Verskeie kere het hy geskreeu:

"Neem weg hierdie monster uit my kamer!" Hy het gedurende die nag uitgeroep: **"I am abandoned by God and man! I shall go to hell! O Christ, O Jesus Christ!"** Die woorde van die verpleegster wat daardie nag by hom gewaak het, was: **"For all the money in Europe I wouldn't want to see another unbeliever die."** { 21 November 1694 ----- 30 Mei 1778 }

Voltaire se Godslasterlike uitlating !! Dat 'n honderd jaar na sy afsterf datum, geen Bybel op aarde gevind sal word nie.

David Hume: ook 'n ateïs, se laaste wanhopige woorde was: **"I am in the flames!"** (26 April 1711----25 Augustus 1776)

Cesar Borgia: 'n staatsman, het geskryf: **"I made provision for everything during my lifetime - only not for death; and now I must die totally unprepared."**

Hobbes: 'n Engelse filosoof, het gesê: **"I am standing before a frightfull leap into the darkness."**

Lenin: een van die vaders van die kommunisme, het gesterf na 'n nag van geestelike wanhoop. Hy het die hele nag deur vurig gepleit vir die vergifnis van sy sonde. Of hy dit ontvang het, sal net die ewigheid ons leer. (10 April 1870----21 Jan 1924)

Karl Marx: die bekende vader van Marxisme en sosialisme, het in 'n toestand van wanhoop gesterf. Kort voor sy dood het hy aan sy vriend, Friedrich Engels, geskryf: "**How pointless and empty life is!**" (5Mei 1818-----14Maart 1883)

Yaroslavski: die president van die International Atheists' Movement, het aan die einde van sy lewe uitgeroep: "**Please burn all my books. See the Holy One! He's been waiting a long time for me; He is here.**"

Thomas Paine: die Amerikaanse filosoof wat die boek, *The age of reason*, geskryf het, het uiteindelik só geskryf: "**I would give worlds, if I had them, if *The age of reason* had never been published. O Lord help me! Stay with me! It is hell to be left alone!**" So is daar baie hedendaagse skrywers, ook Afrikaners, wat hierdie woorde nog sal uiter - indien nie voor hul dood nie, dan wel binne 'n paar minute daarna.

Kolonel Charteris: het toe hy besef sy einde kom nader, desperaat uitgeroep: "**Ek sou gewillig dertig duisend pond gee as iemand vir my oortuigend kan bewys dat daar geen hel is nie.**"

Bon Scott: van die rockgroep AC/DC het in 1979 in een van sy liedjies gesing: "**Don't stop me, I'm going down all the way, down the highway to hell.**" Op 19 Februarie 1980 is hy dood aangetref, verstik in sy eie uit-braaksel, en alkohol vergiftiging. (9 Jul 1946-----19 Feb 1980)

Cazuza: 'n uitgesproke biseksuele komponis, sanger en digter, het gedurende 'n optrede in Rio de Janeiro die rook van sy sigaret in die lug geblaas en spottend gesê: "**God, that's for you.**" Hy is op 32-jarige ouderdom na 'n smartlike lyding oorlede. Hy het Vigs gehad.

Die **Hel** is **geen illusie** (droom of denkbeeld) nie. Die Hel is 'n **werklikheid** van **swael en vuur** waar die mens **smag** na 'n **druppel water op jou tong**. (Luk 16:19-31.)

Statistieke !!!

Mense sterf sonder God.

1. 3 elke sekonde.
2. 180 elke minuut
3. 10,800 elke uur.
4. 259,200 elke 24 uur.
5. 1 miljoen 814,400 elke week.
6. 7 miljoen 776,000 elke maand.
7. 94 miljoen 608,000 elke jaar.

Daar is soveel sondaars op die aarde dat wanneer hulle in 'n ry staan, hulle die aarde 8 keer kan omkring.



1Kor 1:18 Want die **woord van die kruis** is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, **maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God;**

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

**DIE DEUR KAN SLEGS,
VAN DIE BINNEKANT
AF OOPGEMAAK WORD.**



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig. \Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12—**maak jou klaar om jou God te ontmoet,**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

